

Maandag 15 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-31

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:21; HK Sondag 21, Antwoord 55

Die gemeenskap met mekaar

Oor hierdie deel van die gemeenskaps van die heiliges handel die Kategismus in die tweede deel van die antwoord soos hierbo aangedui. Wat hier bedoel word, sien ons ook in 1 Korintiërs 12:12-31. Elke lid van die liggaam het die ander lede nodig. As ons in gedagte hou dat Paulus hier praat oor die liggaam van Christus, die kerk, die gemeenskap van die heiliges, dan beteken dit dat die gelowiges mekaar se oë, voete en hande moet wees in die lewe van elke dag. Daarom moet ons daarop let dat ons belydenis sê dat ons verplig (*skuldig*) is om ons gawes tot nut en saligheid van ander aan te wend. Dit is ons *skuldige plig* teenoor mekaar. Nalatigheid hiervan is 'n ernstige oortreding in die oë van die Here. Ons lees immers dat Christus op die oordeelsdag aan die mense aan sy linkerkant sal sê: Ek was honger en julle het nie vir My iets gegee om te eet nie. Ek was dors en julle het nie vir My iets gegee om te drink nie. Ek was siek en julle het My nie besoek nie ... Vir sover julle dit nie aan een van die geringste van my broers gedoen het nie, het julle dit ook nie aan My gedoen nie (Matt. 25:31-46). Ons moet onthou: Al die gawes wat ons het, of dit geestelik, liggaamlik of stoflik is, het ons van die Here ontvang. Die Here het dit nie aan ons gegee om daarmee te spog nie – of die ander uiterste: om dit te begrawe nie. Nee, Hy het dit aan ons gegee om dit te gebruik tot sy eer en tot nut en saligheid van ons medegelowiges. Die gemeenskap van die heiliges is immers op liefde gebaseer – liefde tot God en liefde tot ons naaste. Nou is dit kenmerkend van ware liefde dat dit altyd wil gee. Paulus sê dan ook in 1 Korintiërs 13:5: “Die liefde ... soek nie sy eie belang nie.” Daarom vermaan hy in Filippense 2:4: “Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.” Ons belydenis sê verder dat ons ons gawes tot *nut* en *saligheid* van ander moet aanwend. Met die twee woorde word nie dieselfde bedoel nie. Die woord *nut* sien meer op die stoflike sy van die lewe, en die woord *saligheid* op die geestelike sy daarvan. Hieruit is dit duidelik dat ons die gawes wat ons ontvang het, met die oog op die aardse lewe en die ewige lewe van veral ons medegelowiges moet aanwend. Boonop moet ons dit *gewillig* en met *vreugde* doen.